

Wette oor offers (1-17)	Wette oor heiligmaking (18-27)
Berg Sinai, 1 maand, ongeveer 1440 vC	
Wette oor aanvaarbare toenadering tot God	Wette vir voortgesette gemeenskap met God

Ons lees Levitikus en Hebreërs saam

Dag	Dag se brood	Meer heuning
Ma	Heb 1, Lev 20:7-8	Heb 1-2, Lev 20:7-8
Di	Heb 3:14-4:13, Lev 23:1-3	Heb 3:1-4:13, Lev 23:1-3
Wo	Heb 4:14-5:10; Lev 16:1-3	Heb 4:14-5:14, Lev 16:1-10
Do	Heb 7:11-28, Lev 16:15-17	Heb 6-7, Lev 16:11-34
Vry	Heb 9:11-14, 23-28 10:8-14, Lev 1:1-9	Heb 8:1-10:18, Lev 1:1-9, Lev 17:10-13
Sat	Heb 10:39-12:3, Lev 26:1-4	Heb 10:19 – 12:3, Lev 26:1-4, 45-46
Son	Heb 12:4-14, Heb 13:20-21, Lev 19:1-4	Heb 12:4-13:25, Lev 19:1-4

Levitikus fokus op die heiligheid van God en gee wette oor hoe onheilige mense tot God kan nader in voortgesette gemeenskap met Hom kan lewe. Drie baie belangrike konsepte word bespreek waarsonder die werk van Jesus nie volledig verstaan kan word nie: Versoening, bloed offers en heiligheid.

Die eerste deel van die boek bespreek die rituele rondom bloed offers as 'n manier om die sonde van die volk oor te dra na 'n dier en dat die dier dan in hulle plek geslag word. Netso leer ons in die Nuwe Testament dat Jesus, in ons plek, gesterf het om vir ons sonde te betaal.

Die laaste deel van die boek bespreek heiligheid. Heiligheid beteken aan die een kant afsondering – eenkant geplaas vir besondere seën of diens. Aan die ander kant beteken dit ook morele reinheid – in harmonie met God se morele karakter. Dis juis die volk se onvermoë om volledig gehoorsaam te lewe, wat die noodigheid vir offers en versoening gebring het.

Levitikus 16 bespreek die rituele rondom die Groot Versoendag. Nuwe Testamentiese skrywers het Jesus se offer hiermee vergelyk, maar anders as die hoëpriester hoef hy nie 'n offer vir homself te gebring het nie, en hoef hy dit ook net een keer te doen het en nie elke jaar nie. Vergelyk dit veral met Hebreërs 7.

Memoriseervers: *Wy julle aan My. Wees heilig, want Ek is die Here julle God. Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens. Ek is die Here, Ek heilig julle aan My. (Lev 20:7-8)*

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

Levitikus

Vrees God, Hy is heilig.
Voor Hom is jy onveilig.
Jou sonde sal Hy straf-
jy sal brand ná jou graf!

Is daar 'n pad na Hom?
Kan jy na Hom toe kom?
Hy het diere offers gegee
om alle sonde weg te vee.

Dis 'n skaduwee van Hom -
Sy kruis was die volle som.
Sy offer was so volmaak
dat almal vry kon raak.

Pleit vir die mens, so onvolmaak
was die Hoëpriester se jaarlikse taak.
Hy het die Allerheiligste ingegaan
om verootmoediging's weg te baan.

Jesus, as mens, só volmaak
Hy was die Enigste vir die taak
Die voorhangsel is geskeur
Ons het nou toegang daardeur.

Afgesonder vir God,
leef ons na Sy gebod
Ja, ons is nou geheilig
voor God is ons nou veilig!

Wees gerus, na jou graf,
gaan Hy jou nie meer straf.
Jesus het vir jou betaal
en Hy gaan jou kom haal!

Jesus is God se volmaakte kommunikasie met ons (Heb 1:1-4:13).	Jesus, Christus ons volmaakte Hoëpriester, het die volmaakte offer gebring (Heb 4:14-10:31).	Volhard enduit soos die volmaakte Rolmodel (Heb 10:19-13:25)
Skrywer en plek onbekend, waarskynlik ongeveer 70 nC geskryf.		
Jesus, die volmaakte persoon	Jesus se volmaakte werk	Volmaakte volharding in geloof

Die boek is geskryf om lam-in-die-knië Christene (Heb 12:12) te bemoedig om Christenskap opnuut te omhels. (Heb 13:22). Die herhaalde gebruik van Ou Testamentiese tekste en beelde dui daarop dat die boek geskryf is vir Joodse lesers. Die kerngedagte is: Moenie teruggaan na die vorige lewenswyse nie, maar gaan verder na die volle inhoud van die Skrif (Heb 6:1).

<p>Die Seun word beskryf as Erfgenaam (:1), die Skepper van alles (:2), God self (:3), die Instandhouer van alle dinge (:4), die Verlosser (:2,3) en Hoëpriester (:14). Hy is verhewe bo die engele, want Hy is hulle Skepper (1:4-2:18). Hy is groter en waardiger as Moses en Josua (3:1-4:13).</p> <p>As ons na al hierdie kenmerke van Jesus Christus kyk besef ons Sy Woorde is betroubaar. Jesus is God se volmaakte kommunikasie met ons – aanvaar hierdie blye boodskap vandag nog.</p>	<p>Jesus Christus is groter as Aäron en sy opvolgers as priesters, want Hy is vir ewig die Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Heb 4:14-7:28). Benut voortdurend die voorreg om met vrymoedigheid na God toe te gaan.</p> <p>Hy is ook die Middelaar van die nuwe verbond wat beter is as die oue (Heb 8:1-13) en sy één offer oortref al die offers in die ou verbond (Heb 9:1-10:18).</p>	<p>Die gelowiges van die ou tyd is vir ons voorbeelde van vasbyt. Hoofstuk 11 gee die gallery van geloofshelde wat aan God se beloftes vasgehou het deur dik en dun. Dit is geloof: ‘n Gewisse kennis van- en vaste vertrouwe op God se beloftes. Jesus Christus is ons volmaakte Rolmodel van volharding. Hy is die Begin en Voleinder van die geloof (Heb 12:1-2)</p> <p>Ons moet raaksien dat God ons, as sy kinders, opvoed juis omdat Hy ons liefhet, sodat ons tot volwassenheid en uiteindelik volmaaktheid kan kom. (Heb 12:4-6).</p>	<p>Ons kry ook dertien keer vermanings en aansporings om in die geloof te groei, te volhard en verder te gaan in plaas daarvan om stil te sit of terug te val. Dit is regtig insiggewend om hulle so na mekaar te lees – doen dit gerus! (Heb 4:1; 4:11; 4:14; 4:16; 6:1; 10:22; 10:23; 10:24; 12:1a; 12:1b; 12:28; 13:13; 13:15).</p>
---	--	---	--

Memoriseervers: *Laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. (Heb 12:1-2)*

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Jesus, jou krag vir lam knieë (Hebreërs).

Vir die wat se hande so slap hang,
ja, jy wat die uitkoms so verlang:

As Jesus se kommunikasie jou hart aanraak,
besef jy Hy is die Hoëpriester, so volmaak!
Met Hom as rolmodel in jou lewe,
kan jy na die uitpunt strewe!

Deel 1: As Jesus se kommunikasie jou hart aanraak...

In die begin het God op baie maniere gepraat,
in die laaste dae praat Hy deur sy Seun se daad.
Koninklik, meer as die engele, is Hy nou,
daarom moet jy vas aan sy boodskap hou.

Moses het getrou in die aardse huis gewerk.
Jesus, is groter en werk getrou in God se kerk.
As jy vandag maar wou luister en vertrou,
wag daar rus in die hemelse vaderland vir jou!

Deel 2: ...besef jy Hy is die Hoëpriester, so volmaak!

Met een offer het hy vir alles betaal
Jou sonde weeg nou nul op die skaal!
Met sy sterwe skeur die skeiding na Hom toe oop
Jy kan nou met vrymoedigheid na Hom toe loop!

Jy moet Jesus as jou volmaakte Hoëpriester verstaan,
dan sal jy met vrymoedigheid in gebed na God toe gaan!

Deel 3: Met Hom as rolmodel in jou lewe, kan jy na die uitpunt strewe!

Die wolk van geloofsgetuies moedig ons aan:
God hou sy beloftes – dis wat jy moet verstaan!
Hy is jou rolmodel om vas te byt
en so kom jy by die bestemming uit!

Al maak die swaarkry nou so seer
Hy tug jou om jou te leer:
Hou jou oog net op My gerig,
want jy is oppad na die ewige Lig!